

Opsomming en verduideliking van die stelletjie:

OMNIGENE-GUT verskaf die materiaal en instruksies vir insameling en stabilisering van mikrobiële DNS vanaf 'n fekale monster.

Waarskuings en voorsorgmaatreëls:

- SLEGS VIR EKSTERNE GEBRUIK.
- MOENIE die geel buisie se bokant van die buisie verwyder NIE.
- MOENIE die stabiliseringsvloeistof in die buisie mors NIE.
- Was met water indien vloeistof in kontak met oë of vel kom. MOENIE opneem NIE.
- Indien 'n vloeibare fekale monster ingesamel word, sien gebruikersinstruksies wat apart verskaf word.
- Klein items kan 'n verstikkingsgevaar inhou.

Berging: 15°C tot 25°C

Verskeep in ooreenstemming met toepaslike regulasies vir die vervoer van biologiese monsters. Sien MSDS by www.dnagenotek.com


Etiketlegende:

- Samel monster in teen (gebruik voor)
- Katalogusnommer
- Vervaardiger
- 15°C / 25°C Berginginstruksies
- Waarskuwing, raadpleeg instruksies vir gebruik
- Lotnommer

GEBRUIKERINSTRUKSIES

Lees alle instruksies voor insameling

Prosedure:



- 1 BELANGRIKE VOORBEREIDINGS:**
- Ledig jou blaas voordat die insameling begin.
 - Samel fekale monster, sonder urien of toiletwater, in.
 - Toiletpapier of sneesdoekies kan dalk vereis word.




- 2** Terwyl die geel buisie se bokant vasgehou word, draai SLEGS die pers doppie van die stelletjie af en sit dit eenkant vir latere gebruik.




BELANGRIK:

MOENIE die geel buisie se bokant verwyder NIE.
MOENIE die stabiliseringsvloeistof in die buisie mors NIE.



- 3** Gebruik die spatel om 'n klein aantal fekale monster in te samel.



- 4** Dra die fekale monster oor na die geel buisie se bokant. Herhaal totdat die monster die geel buisie se bokant volmaak.




BELANGRIK: MOENIE monster in die buisie stoot NIE.



- 5** Skraap horisontaal oor die buisie se bokant om die monster gelyk te maak en verwyder enige oortollige monster.


Vee buitekant van buisie en bokant skoon met toiletpapier of sneesdoekie, soos nodig.



- 6** Tel die pers doppie op met die soliede punt wat afwaarts wys en draai dit op die geel buisie se bokant totdat dit stewig toe is.




- 7** Skud die verseëde buis so baie en vinnig as moontlik in 'n heen-en-weer-beweging vir 'n minimum van 30 sekondes.



- 8** Die fekale monster sal met die stabiliseringsvloeistof in die buisie gemeng word; nie alle deeltjies sal oplos nie.

BELANGRIK: Hou aan om te skud as **groot** deeltjies oorbly, soos aangedui in Figuur A.



- 9** Plaas spatel in oorspronklike verpakking of draai toe in toiletpapier en gooi weg in vullis.

BELANGRIK: Stuur die monster vir prosessering deur die leweringsinstruksies te volg wat apart deur die stelletjie-verskaffer verskaf is.